NUWE STER OP BEESTONEEL

Deur JEAN LE ROUX

DIE HUGUENOT, 'N „NUWE BEESRAS", IS DEUR 'N LANG PROSES VAN SELEKTIEWE TELING IN DIE NOORDOOS-TRANSVAALSE LAEVELD ONTWIKKEL. DIT IS UIT DIE CHAROLAIS EN AFRIKANER GETEEL EN HET DIE GEHARDHEID VAN LAASGENOEMDE, MAAR LYK BYNA NET SOOS DIE CHAROLAIS.



HUGUENOT-beeste is nie maar net kruisdiere nie; hulle is die produk van jarelange noukeurige seleksie en hul eienskappe maak hulle voortreflike toetreders tot die algemene beestoneel. Basies het hierdie diere, wat op die groot beesplaas Croc Ranch naby Phalaborwa ontwikkel is, drickwart Charolais- en 'n kwart Afrikanerbloed.

Hierdie beeste, bulle én koeie, is opmerklik beter as die suiwer Charolais in die Bosveld aangepas, vertel mnr. D. L. Solomon, algemene bestuurder van Crocodile Valley Estates, waaronder Croc Ranch val. Hulle stap gemaklik en lewenskragtig. Hulle lyk soos die Charolais, maar het die gehardheid van die Afrikaner. En wat baie belangrik is: hulle behou hul kondisie in tye van skraps welding.

GLAD VAN HAAR

Die diere is groot en het besonder goeie vleiseienskappe. Ook in hulle nie, soos die Charolais dikwels is, aan die wolferige kant nie. Hulle is glad van haar, terwyl hulle maklik kalf omdat die kalwers betreklik klein is. op Croc Ranch is daar geen noemenswaardige verskil by geboorte tussen Afrikanerkalwers en kalwers van die Huguenot nie, sê mnr. Solomon.

Die nageslag van Huguenot-bulle en Afrikanertipe koeie is vinnige groeiers en uitmuntende vleisbeeskruisings. Die bulle kan na bewering ook met ewe groot welslae vir kruising met ander rasse as die Afrikaner gebruik word.

Die eerste kruising van 'n Huguenot-bul met 'n Afrikanerkoei gee die gewenste kruisverhouding van drie agtstes Charolais en vyf agtstes Afrikaner.

BESTE GRONDSLAG

Die Afrikaner is die algemeenste vleisras in die Republiek. Ondervinding en proewe het ons geleer dat die gebruik van dié ras as 'n grondslag vir kruisteling die beste is omrede sy gehardheid. Met kruisteling is die probleem egter hoe om die kruisgeteelde vroulike diere te gebruik sonder om te ver van die oorspronklike pad af te wyk. Wat dit betref, is daar geen



LINKS: Elke jaar word 20 000 bale hooi van 85 ha se veldgras gemaak. Dit word uitsluitend vir die kalwers in die speenkraal gebruik.

HIERONDER: 'n Paar Huguenot-kalwers in die speenkraal. Hulle speen ongeveer veertien persent swaarder as suiwer Afrikaners in dieselfde omstandighede.



probleem met dogters van Huguenot-bulle by Afrikanerkoeie nie, sê mnr. Solomon. Met hierdie verse en 'n Charolaisbul sal die nageslag se genetiese samestelling dieselfde as dié van die oorspronklike Huguenot wees. 'n Mens kan egter ook die eerstekruisdogters weer by 'n Huguenot-bul bring. Dit sal 'n nageslag van vyf agstes Charolais en drie agstes Afrikaner gee, wat ook 'n goeie kombinasie is.

Hierdie voorbeelde is maar twee van die moontlike keuses in 'n teelprogram wat Huguenot-bulle instuit.

GROEI VINNIGER

Dit is 'n bekende feit dat kruisgeteelde diere vinniger groei en beter in voerhokke vaar as ranegte beeste. Die ekonomiese belangrikheid van doordeelkundige kruisteling word geïllustreer deur die volgende gemiddelde speenmassa-syfers wat mnr. Solomon-bulle met kalwers van 1973/74 se someroes verkry het:

Tollies

Afrikaners op gemiddeld 183 dae gespeen	... ...	213 kg
Kruiskalwers op gemiddeld 188 dae gespeen	... ...	243 kg

Verse

Afrikaners op gemiddeld 185 dae gespeen	... ...	188 kg
Kruiskalwers op gemiddeld 186 dae gespeen	... ...	216 kg

Die kruistollies was dus gemiddeld 14 persent swaarder en die kruisverse 15 persent. Die Afrikanertollies is vanuit die speenkraal teen 42 c/kg (lewende massa) verkoop, terwyl die kruisgeteelde 44 c/kg behaal het. Die gemiddelde prys per Afrikaner was dus R85,50, teenoor die kruisgeteeldes se R107. Dit gee 'n inkomsteverskil van 20 persent ten gunste van die kruisings.

BO: 'n Huguenot-koei met haar kalf. Die diere gee baie maklik geboorte, en die kalwers het nie 'n uitermate hoë geboortemassa nie. Tog groei hulle besonder vinnig.

Dieselfde syfers vir die kalweroes van 1974/75 se somer was:

Tollies

Afrikaners op gemiddeld 204 dae gespeen	... ...	218 kg
Kruiskalwers op gemiddeld 207 dae gespeen	... ...	261 kg

Verse

Afrikaners op gemiddeld 207 dae gespeen	... ...	205 kg
Kruiskalwers op gemiddeld 212 dae gespeen	... ...	242 kg

Die kruistollies was dus gemiddeld 19 persent swaarder, en die -verse 18 persent.

Hierdie jaar se tollies is ook vanuit die speenkraal verkoop teen 42 c/kg lewende massa vir die Afrikaners. Die kruisgeteelde tollies het egter 'n bietjie meer as die vorige jaar behaal, naamlik 46 c/kg. Die gemiddelde pryse wat onderskeidelik behaal is, was dus R92

(Vervolg op bl. 25)

MNR. D. P. LAUBSCHER



REGS: 'n Kudde Huguenot-beeste op die plaas naby Phalaborwa. Die diere is gehard en benut weiding goed, selfs in moeilike omstandighede. Hulle is driekwart Charolais en 'n kwart Afrikaner.





„VEEARTSE HET VASGESTEL DAT DIE CHAROLAIS, WAT 75 PERSENT TOT DIE HUGUENOT SE BLOED BYDRA, BETER AS DIE GEMIDDELDE BEES TEEN HARTWATER BESTAND IS."



(Vervolg van bl. 23)

en R120 elk, sodat die kruisdiere 30 persent beter as die Afrikaners gevaar het.

PAS BESTE AAN

Mnr. Soloman meen dat die beste eienskappe van die Charolais en die Afrikaner in die Huguenot saamgevat is. Hy som dit soos volg op:

„Van alle welbetende vleisrasse in Europa en Brittanje is die Charolais die grootste wat bouvorm betref. Dié diere groei ook vinnig en is vroeg volwasse. Omdat die ras uit die suide van Frankryk kom, pas hy beter aan in warm streke as ander Europese rasse. Voorts het veeartsenykundiges ook bepaal dat die Charolais se weerstand teen hartwater sterker as die gemiddelde is. Laastens het die Charolais ook 'n goeie temperament en is hy maklik hanteerbaar — 'n belangrike eienskap, veral in kommersiële boerderytoestande."

KALF MAKLIK

„Aan die ander kant het die Afrikaner, hoewel nie 'n ideale dier t.o.v. vleisbouvorm nie, verskeie belangrike hoedanighede: Dit is 'n ras wat besonder maklik kalf (kalfwas weeg by geboorte 30 kg tot 40 kg, teenoor die Charolaiskalf se 40 tot 55 kg).

„Die Afrikaner het ook 'n besondere hoë weerstand teen alle siektes wat deur bosluise oorgedra word. Dan is die ras ook bekend vir sy besondere energie en lewenskragtigheid, wat 'n beter vermoë verleen om weiding in moeilike omstandighede goed te benut. Afrikanerkoeie kan ook na hul kalwers omsien wanneer hulle in die veld is.

„'n Nadeel van alle nie-Zebubeeste is dat hulle nie maklik in Bosveld-omstandighede aanpas nie. Die Charolais is wel 'n beter voorsoeker en gehard er as die meeste ingevoerde rasse, maar 'n suiwer bul kan nie vir 'n Afrikanerbul (Bos indicus) koeie vanhou tussen teelkoeie in die veld nie," sê mnr. Solomon. „Die Huguenot-bul behou egter hierdie eienskappe van die Afrikaner en het ook die eienskappe van die Charolais."

TOETS VIR PRESTASIE

Die basiese teelvee op Croc Ranch bestaan uit Afrikaners. Prestasietoetsing van die algehele kudde van ongeveer 3 000 beeste word reeds baie jare lank gedoen deur gereelde massabepaling van alle diere van speen- tot teelouderdom. 'n Afsonderlike teelrekord word vir elke koei gehou. Seleksie en uitskot geskied op grond van die nageslag se spoenmassa, bouvorm en vrugbaarheid.

'n Hele aantal jare lank is daar op dié plaas met kruisteling met onder meer die Korthoring, Hereford, Brahmaan en Charolais proewe gedoen. Resultate het getoon dat die Charolais-kruisings die beste was, daarom is dié ras nou die enigste wat vir kruisteling aangewend word, verklaar mnr. Solomon.

(Vervolg op bl. 27)

LINKS: So lyk een van die Huguenot-bulle wat in die kruisteelprogram gebruik word. Hy is net so lewendig as 'n Afrikanerbul.

NUWE STER OP BEESTONEEL

(Vervolg van bl. 25)

'n Suiwer Charolaiskudde word aangehou om onder meer bulle te voorsien.

WORD SPESIAAL GEKEUR

Die „nuwe ras" het uit die kruisteelprogram gespruit. Slegs spesiaal gekeurde Charolaisbulle word in die Huguenot-teelkudde gebruik (hierdie bulle word o.m. gekeur op die grondslag van 'n relatief lae geboortemassa wat deur vinnige massatoename gevolg word).

Die vroulike diere met 50 persent Charolais- en 50 persent Afrikanerbloed wat vir Huguenot-teling gebruik word, word ook spesiaal geselekteer. Hulle is die koeie wat die hoogste massatoename toon en ook die vermoë het om 'n swaar kalf groot te maak, aldus mnr. Solomon.

Op Croc Ranch is twee kalfseisoene per jaar. Een is gedurende die somer en die ander in die winter. Die bulle loop drie maande lank saam met die koeie (een bul vir elke 25 koeie). Vir die somerkalfseisoen word hulle in die begin van Januarie bygesit, en vir die winterseisoen gaan hulle teen die middel van Augustus na die koeikamp.

Waar verse die eerste keer gedek moet word, kom die bulle agter 'n maand vroeër as normaalweg by hulle. Hulle bly ook drie maande lank daar, maar die gevolg is dat die verse 'n maand langer rus voordat hulle die volgende seisoen na die bul gaan. Dit werk besonder goed, sê mnr. Laubscher, die plaasbestuurder.

SPEEN IN GROEPE

Volgens hom is die kalfpersentasie van die hele kudde (ongeveer 92) baie bevredigend. Die kalfpersentasie van die verse, wat hul eerste kalwers op drie jaar kry is meer as 90 en die daaropvolgende jaar gee hulle weer meer as 90 persent nakomelinge.

Die kalwers word in groepe gespeen sodra hulle gemiddeld sewe maande oud is. Hulle gaan regstreeks na 'n speenkraal wat ook as voerkraal dien. Hierdie kraal is so gebou dat daar reg rondom voerrakke is en dat die diere nie kan sien van wat buite aangaan nie. Mnr. Laubscher glo dat dit help om die kalf makliker te speen en dat dit speenskok verminder.

Die kalwers bly een tot twee maande lank in die speenkraal en sit nie 'n voet daaruit nie. Drinkwater is aangelê, en hulle word op veldhooi gevoer. Gedurende hierdie tyd word ook gebrand, gedoseer, geënt en die bulletjies se saadstringe geknip.

Sodra speentyd agter die rug is, word alle diere wat verkoop moet word, regstreeks uit die kraal bemark. Dié wat in die kudde opgeneem word, word veld toe gejaag. Hulle word agter weer op 12 maande gekeur, en ook ongeveer twee maande voordat hulle die eerste keer na die bulle gebring word.

VELDHOOI

Om hooi aan die kalwers in die speenkraal te kan gee, word daar elke jaar, net voor die winter, 80 ha se veldhooi gesny. Hierdie „oes" lewer minstens 20 000 bale wat elk 'n massa van 25 kg het. Dit is uitsluitend vir die speenkalwers bedoel en geen verdere voer word vir hulle gekoop nie. Net 'n lek word by gegee. Dit is voldoende om die kalwers spekvet te speen en hulle groei selfs goed daarop gedurende die tyd in die kraal.

Mnr. Solomon is glad nie van plan om die Huguenot as 'n suiwer ras te ontwikkel nie; dit het geen praktiese nut vir sy onderneming, wat op kommersiële vleisboerdery konsentreer nie. Maar dit doen geen afbreuk aan die feit dat die Huguenot as 'n hoogs doeltreffende bees met hoë ekonomiese waarde geteel is nie, sê hy. ▣

TOE HET EK BEGIN MET 'N KURSUS biovital

Moeder wees kan 'n aangrypende saak wees.

Dit word as vanselfsprekend aanvaar dat u elke klein probleempie sal begryp en oplos, sal was, kook en dan dog steeds sal bly glimlag.

BIOVITAL, Europa se gewildste tonikum, gee u geestelike en fisiese energie en lewenslus.

Knorrigheid, senuweeagtigheid, neerslagtigheid en slaapluoorheid is waarskuwingstekens van 'n gebrek aan noodsaaklike vitamiene en u het waarskynlik smaaklike BIOVITAL nodig – die vitamiene-plus-yster-tonikum.

BIOVITAL bevat 'n gebalanseerde samestelling van yster en die noodsaaklike vitamine C, B1, B2, B6, B12, nikotinamied plus mangaan.

BIOVITAL bou gesonde senuweesel, verlewendig die bloed, help om verlore energie te herwin en laat u beter slaap.

BIOVITAL vir die hele gesin.

biovital

help u om die lewe aan te pak.

Hou 'n spitsuur as rekke dop vir die buitelenvol, pas met die unisex buitel.

biovital is ook beskikbaar in handige tabletvorm en as 'n tonikum vir kinders.

Kelp Trace Action 3832/5/1

SELFVOERDERS

GRATIS AANBOD

Skaapselfvoerders – (hoat met sinkdeksel)

1,80 m	R14,50
1,20 m	R12,80

Bees- en skaapselfvoerders (hoër vir beeste met horings)

1,80 m	R15,80
1,50 m	R14,80

Kalfvoerders met dak

1,50 m x 0,60 m	R15,80

Een voerder gratis by elke tien wat bestel word.

● Gratis vir die weer van sout, soutlek, kommel of mengsels aan grass- en Aloëwes.

Aflewering v.o.e. Kenga of Oos-Londen

Aan:
D. P. LAKE (EDMS.) BPK.
Private sak X 604
Oos-Londen
Tel. Mooiplaas 2446